**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak nommer. : 7388/2008

In die aansoek tussen:

| | |
|---|---|
| **DIE LETSEMENG PLAASLIKE MUNISIPALITEIT** | 1ste Applikant |
| **MUFI JERRY MOLUSI** | 2de Applikant |

en

| | |
|---|---|
| **KADIMO MASEKOANE** | 1ste Respondent |
| **DIE XHARIEP DISTRIKS MUNISIPALITEIT** | 2de Respondent |
| **DIE HOOF VERKIESINGSBEAMPTE VRYSTAAT PROVINSIE** | 3de Respondent |

---

**UITSPRAAK:** HANCKE, R

---

**AANGEHOOR OP:** 19 FEBRUARIE 2009

---

**GELEWER OP:** 26 FEBRUARIE 2009

---

[1] Hierdie is ‘n aansoek om ‘n verklarende bevel dat die tweede applikant regtens deur die eerste applikant aangestel is om hom in die raad van die tweede respondent te verteenwoordig en dat tweede applikant toegelaat word om sy statutêre regte en verpligtinge as lid van die raad uit te oefen en na te kom, tesame met ‘n kostebevel.

[2] Die eerste applikant is een van die plaaslike munisipaliteite in die regsgebied van die tweede respondent, synde die Xhariep Distriksmunisipaliteit. Dit is gemene saak dat mnr. Vayisile Mona 'n lid van die eerste applikant was en dat hy ingevolge artikel 23(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Nr. 117 van 1998 (soos gewysig), die eerste applikant in die tweede respondent se raad verteenwoordig het.

[3] Op 16 Julie 2008 het eerste applikant se raad vir Mona as sy verteenwoordiger in die raad van die tweede respondent herroep. Op 18 Julie 2008 het die Burgermeester/Speaker van die eerste applikant die uitvoerende Burgermeester van die tweede respondent skriftelik van die voormelde besluit verwittig. Op dieselfde datum het eerste applikant se Munisipale Bestuurder 'n skrywe aan mnr. Anthony Reachable gerig, waarop hy op 21 Oktober 2008 reageer het, waarin hy verwys het na sekere voorskrifte van Wet Nr. 117 van 1998. Gemelde Reachable is eerste applikant se

Munisipale Verkiesingsbeampte sowel as ‘n werknemer van die Onafhanklike Verkiesingskommissie.

[4] Op 30 Julie 2008 het die waarnemende Munisipale Bestuurder van die tweede respondent aan die eerste applikant se Speaker ‘n brief gerig, waarin hy bevestig dat tweede applikant die eerste applikant se nuwe verteenwoordiger in die raad is en dat hy vir Mona as sodanig vervang. Die brief getik op die briefhoof van Xhariep District Municipality, lui onder andere soos volg:

> “2. The legislative authority to nominate a councillor to represent (Letsemeng) L. M. is vested in Council and is this nomination thus valid.
>
> 3. I therefore confirm that Cllr M. J. Molusi is the newly seconded representative as per Council resolution of 16/07/2008 with effect from the date of receipt of the attached confirmation.
>
> 4. Cllr V. Mona is therefore accordingly replaced.”

[5] Op 1 Augustus 2008 het die Uitvoerende Burgermeester van die tweede respondent ‘n kantoor aan die tweede applikant toegeken wat hy daarna betrek, en op ‘n

deurlopende basis gebruik het. Die tweede respondent se bywoningsregisters dui daarna aan dat die tweede applikant een van die eerste applikant se verteenwoordigers was, en het hy ook die vergadering van 27 Augustus 2008 in daardie hoedanigheid bygewoon.

[6] Voorafgaande hierdie gebeure, en wel op 5 Junie 2008, is die eerste respondent ingevolge die bepalings van artikel 139(1)(b) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet Nr. 108 van 1996, aangestel met sekere funksies ten opsigte van Xhariep. Dit is ook die eerste respondent se houding dat die tweede applikant se aanstelling onregmatig was en dat hy besluit het om hom nie toe te laat om eerste applikant in die raad van die tweede respondent te verteenwoordig, of aan die raad se verrigtinge deel te neem nie.

[7] By die aanvang van die aansoek het Mnr. Edeling, namens eerste en tweede respondente te kenne gegee dat hy in besit is van 'n brief tot die effek dat tweede applikant se lidmaatskap van 'n sekere politieke party onlangs beeïndig

is. Aangesien die Hof aangedui het dat geen waarde aan so ‘n brief wat onbeëdig is geheg kan word nie, het Mnr. Edeling tekenne gegee dat hy nie voornemens is om die stukke aan te vul nie, en dat hy nie die aspek verder neem nie.

[8] Wat dringendheid betref, is ek van mening dat Van Zyl, R korrek opgetree het deur op 11 Desember 2008 dit as ‘n dringende aansoek ingevolge die bepalings van Hofreël 6(12)(a) te hanteer. Na my mening is daar ‘n behoorlike saak uitgemaak in die lig van die potensiële skade wat applikante kon ly indien besluite waarby hulle ‘n belang het, op die raad geneem sou word, sonder dat hulle behoorlik in die raad verteenwoordig was.

[9] Mnr. Knoetze het namens die applikante gevra vir ‘n wysiging van die Kennisgewing van Mosie deur die invoeging van twee nuwe paragrawe tot die effek dat verklaar word dat die eerste respondent se aanstelling ingevolge artikel 139(1)(b) van die Grondwet onregmatig en nietig is, met ‘n verdere bevel dat eerste respondent se

besluit dat tweede applikant nie behoorlik as lid van die raad aangestel is nie dus gevolglik onwettig is.

[10] Dit blyk volgens die stukke dat die Uitvoerende Raad (Executive Council) van die Vrystaat tydens 'n kabinet vergadering die volgende besluit geneem het:

> "1.1 To intervene in terms of section 139(1)(b) of the Constitution at the district municipality of Xhariep by assuming the following functions to ensure that the established minimum standards of service rendering are met, to prevent the council from taking unreasonable action by failing to have council meetings and taking resolutions on all municipal matters:-
>
> (a) The full administration of the municipality inclusive of staff, financial and technical functions, and
>
> (b) The functions of the council to take decisions on a variety of issues until such time as the Provincial Executive is satisfied that the council is in a position to resume its functions.
>
> 1.2 This intervention will not impede on the council's obligation to pass legislation, approval of a budget, the imposition of rates and other taxes, and the raising of loans.

> 1.3 That the Head of the Department of Local Government and Housing on behalf of the Provincial Executive Council appoint a person or persons to manage these functions on behalf of the Provincial Executive Council."

[11] Mnr. Knoetze het betoog dat hier 'n delegasie plaasgevind het soos bedoel in artikel 238 van die Grondwet, welke artikels slegs voorsiening maak vir 'n delegasie "to any other executive organ of the state". Aangesien eerste respondent, synde "Head of the Department" nie 'n an "Executive Organ of the State" is nie, kon daar nie 'n regmatige delegasie aan hom geskied nie.

[12] Hierdie betoog kan egter nie opgaan nie. Net soos 'n maatskappy nie self kan handel nie en dus deur middel van sy direkteure en werknemers handel, kan die uitvoerende raad van die Vrystaat Provinsie ook nie self handel en optree nie maar slegs deur middel van sy amptenare en werknemers, of persone deur hulle aangestel. Dit is duidelik dat volgens voormelde resolusie magtiging verleen was aan die hoof van die betrokke departement om namens die provinsie 'n persoon aan te stel, om die

funksies namens die Provinsiale Uitvoerende Raad te hanteer. Hier is dus nie 'n geval van 'n delegasie soos bedoel in artikel 238 nie.

[13] Gevolglik kan die applikante se aansoek om wysiging dus nie slaag nie. Vir doeleindes van taksasie word dit op rekord geplaas dat die argumente oor hierdie aspek sowat 20% van die tyd van die totale argument in beslag geneem het.

[14] Die volgende vraag is of die tweede applikant regsgeldig in sy huidige posisie aangestel is. Mnr. Edeling namens die eerste twee respondente het in hierdie verband betoog dat die nodige prosedures nie gevolg is met die verkiesing van die tweede applikant nie. In hierdie verband het hy gesteun op die inhoud van twee skrywes gerig deur die derde respondent. Dit moet gemeld word dat die derde respondent geen eedsverklaring geliasseer het ter ondersteuning van hierdie skrywes nie en dat dit ook nie die huidige aansoek opponeer nie. In elk geval is dit die Hof se funksie om self te beslis welke statutêre bepalings

van toepassing is en in hoe ‘n mate dit die tweede appellant se aanstelling affekteer.

[15] Vervolgens is dit nodig om te kyk na sekere bepalings op die Wet van die Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Nr. 117 van 1998 (soos gewysig).

Artikel 23 van gemelde Wet handel met die *Verkiesing en die aanstelling van distriksrade*. Dit lui onder andere soos volg:

> “(1) Die raad van ‘n distriks munisipaliteit bestaan uit –
>
> (a) raadslede wat ooreenkomstig Deel 1 van Bylae 2 verkies is deur kiesers geregistreer op daardie munisipaliteit se segment van die nasionale gemeenskaplike kieserslys om die partye wat die verkiesing in daardie distriksmunisipaliteit bestry proposioneel te verteenwoordig;
>
> (b) raadslede wat ooreenkomstig Bylae 2 aangestel is deur die rade van die onderskeie plaaslike munisipaliteite binne daardie distriksmunisipaliteit om daardie plaaslike munisipaliteit direk te verteenwoordig. ...”

Dit blyk dus dat daar onderskeid getref word tussen raadslede wat verkies word om die betrokke distriks munisipaliteit proporsioneel te verteenwoordig en raadslede wat deur die betrokke plaaslike munisipaliteit aangestel word om die plaaslike munisipaliteit direk te verteenwoordig. In die huidige aansoek is laasgenoemde van toepassing.

[16] Wat *ampstermyn* betref, lui artikel 26 soos volg:

(1) 'n Persoon –

(a) word as 'n lid van 'n munisipale raad verkies vir 'n tydperk eindigende wanneer die volgende raad as verkies verklaar word; of

(b) word aangestel as 'n verteenwoordiger van 'n plaaslike raad of 'n distriksraad, vir 'n tydperk wat eindig wanneer die volgende plaaslike raad as verkies verklaar word, behalwe dat waar so 'n persoon vervang word as gevolg van die bepalings item 6(a) van Bylae 6(B) van die Grondwet, die nuut aangestelde verteenwoordiger aangestel word vir die oorblywende gedeelte van die vervangde verteenwoordiger se termyn.

(2) Die persoon aanvaar die amp as raadslid wanneer daardie persoon verkies of aangestel word, na gelang van die geval."

[16] Uit die voorgaande is dit duidelik dat daar 'n onderskeid getref word tussen 'n persoon wat enersyds verkies en andersyds aangestel word.

[17] Die tweede applikant se voorganger het sy pos ontruim uit hoofde van die bepalings van artikel 27(e) van gemelde Wet, wat soos volg lui:

"'n Raadslid ontruim die amp gedurende 'n ampstermyn indien daardie Raadslid –

(e) 'n verteenwoordiger van 'n plaaslike raad op 'n distriksraad is het nie meer lid van die plaaslike raad is wat daardie raadslid op die distriksraad aangestel het nie, of deur die plaaslike raad vervang word as sy verteenwoordiger op die distriksraad. ..."

[18] Volgens die bewerings in die stukke is die tweede applikant *aangestel* en nie *verkies* nie. Skynbaar het dit ook eenparig geskied. Daar was dus geen verkiesing nodig nie; gevolglik het die derde respondent geen funksie gehad

om te vervul en het die voorskrifte in bylae 2 van gemelde Wet dus geen toepassing gehad nie. Dit is ook skynbaar so deur die tweede respondent verstaan, blykens die skrywe verwys na in paragraaf [4] hierbo. Dit volg dus dat die applikante 'n behoorlike saak uitgemaak het vir verlening van die aangevraagde regshulp.

[19] Wat koste betref het Mnr. Edeling ook aan die hand gedoen dat die applikante, met verwysing na artikel 41(1)(vi) van Wet Nr. 13 van 2005 ander remedies gehad wat dit eers kon uitgeput het alvorens dit die huidige aansoek gerig het. Alhoewel elke saak volgens sy eie meriete beoordeel moet word, en ek aanvaar dat daar in sekere omstandighede selfs 'n bestraffende kostebevel verleen kan word indien daar nie effek gegee word aan voormelde bepalings nie, is ek van mening dat, in die lig van die omstandighede van die huidige saak, die feit dat die tweede applikant 'n natuurlike persoon is wie se regte hom ontneem was het hy dus geen ander remedie gehad om die Hof te nader vir die aanvra van die huidige regshulp nie; gevolglik bestaan daar geen rede om nie af te wyk van die gewone kostebevel nie.

Laasgenoemde is ook van toepassing op eerste respondent: hy het, alhoewel hy fouteer het, as amptenaar opgetree, en is daar nie gronde aangevoer waarom hy persoonlik met 'n kostebevel belas moet word nie. Dit is in elk geval jammer dat geld verkwis word op regskoste, terwyl dit eerder aangewend kan word ten opsigte van die verbetering van noodsaaklike dienste.

[20] Bygevolg word die volgende bevele verleen:

1. Die applikante se aansoek om wysiging van die Kennisgewing van Mosie word afgewys met koste.
2. Die bevel *nisi* word bekragtig.
3. Tweede Respondente word gelas om die koste van die aansoek te betaal.

**S. P. B. HANCKE, R**

Namens die applikante: Adv. B. Knoetze SC
In opdrag van:
Bezuidenhouts Ingelyf
BLOEMFONTEIN

| | |
|---|---|
| Namens die eerste en tweede respondente: | Adv. W. J. Edeling<br>In opdrag van:<br>Majola Prokureurs<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die derede respondent: | Geen verskyning. |

/EM